DIE HEILIGE GEES [1] - *DIE PERSOON*

DIE HEILIGE GEES IN DIE OU TESTAMENT

- **EX 31:1-5 [NLV]** DIE HERE HET OOK VIR MOSES GESÊ: "EK HET BESALEËL, DIE SEUN VAN URI EN KLEINSEUN VAN GUR UIT DIE STAM VAN JUDA, GEKIES. MY GEES GEE VIR HOM KENNIS EN BEGRIP EN VAARDIGHEID OM VERSKILLENDE DINGE TE KAN DOEN.
- 'N PLEK HELP SKEP WAAR MENSE DIE SKOONHEID EN WONDER VAN GOD KON SIEN EN BELEEF
- DIE HEILIGE GEES IN DIE OU TESTAMENT WAS NIE BESKIKBAAR AAN ALMAL
- **EZEK 36:26-27 [NLV]** EK GEE JULLE 'N NUWE HART MET DIE REGTE BEGEERTES EN 'N NUWE GEES. EK VAT DIE OU HART VAN SONDE WEG EN GEE JULLE 'N NUWE, GEHOORSAME HART. EN EK GEE MY GEES IN JULLE SODAT JULLE MY VOORSKRIFTE SAL GEHOORSAAM EN DOEN WAT EK BEVEEL.

WIE IS DIE HEILIGE GEES

- GEES VAN GOD IS LEWENDIG EN BEWEEG EN WERK IN ONS MIDDE
- DIE HEILIGE GEES IS DIE HIERDIE EWIGE, BONATUURLIKE, GODDELIKE, VERNUWENENDE, SKEPPENDE KRAG VAN GOD WAT DIE HERSTEL WAT CHRISTUS AAN DIE KRUIS BEHAAL HET IN ONS KOM BEWERK EN BEKRAGTIG

HOEKOM DIE HEILIGE GEES

- **JOH 16:7 [NLV]**
  8 TOG DEEL EK MET JULLE DIE WAARHEID: DIT IS TOT JULLE VOORDEEL DAT EK WEGGAAN, WANT AS EK NIE WEGGAAN NIE, SAL DIE RAADGEWER, DIE HEILIGE GEES, NIE NA JULLE TOE KOM NIE.
- **JOH 16:8-9 8** EN AS HY KOM, SAL HY DIE WÊRELD OORTUIG VAN SONDE EN VAN GEREGTIGHEID EN VAN OORDEEL:
- **9** VAN SONDE, OMDAT HULLE IN MY NIE GLO NIE;
- **10** EN VAN GEREGTIGHEID, OMDAT EK NA MY VADER GAAN EN JULLE MY NIE MEER SAL SIEN NIE;
- **11** EN VAN OORDEEL, OMDAT DIE OWERSTE VAN HIERDIE WÊRELD GEOORDEEL IS.
- **JOH 16:13–15 [NAV]**
- **13** MAAR WANNEER HY GEKOM HET, DIE GEES VAN DIE WAARHEID, SAL HY JULLE IN DIE HELE WAARHEID LEI; WANT HY SAL NIE UIT HOMSELF SPREEK NIE, MAAR ALLES WAT HY HOOR, SAL HY SPREEK EN DIE TOEKOMSTIGE DINGE AAN JULLE VERKONDIG.
- **14** HY SAL MY VERHEERLIK, OMDAT HY DIT SAL NEEM UIT WAT AAN MY BEHOORT, EN AAN JULLE VERKONDIG.
- **15** ALLES WAT DIE VADER HET, IS MYNE; DAAROM HET EK GESÊ DAT HY DIT SAL NEEM UIT WAT AAN MY BEHOORT, EN AAN JULLE VERKONDIG.
- GENADE AS GODDELIKE INVLOED VAN GOD WAT ONS AS 'N FAMILIE BEHANDEL

1 KOR 2:12 [NLV]

- DIE GEES WAT ONS ONTVANG HET, IS NIE DIE GEES VAN DIE WÊRELD NIE, MAAR DIE GEES WAT VAN GOD KOM. SO WEET ONS WAT GOD ONS UIT GENADE GESKENK HET.

WAT DOEN DIE HEILIGE GEES IN ONS?

- DIE HEILIGE GEES SKEP 'N PLEK WAAR MENSE DIE SKOONHEID EN WONDER VAN GOD KON SIEN EN BELEEF

1 KOR 3:16 [NLV]

- BESEF JULLE NIE DAT JULLE ALMAL SAAM DIE TEMPEL VAN GOD UITMAAK EN DAT DIE GEES VAN GOD IN JULLE AS SY TEMPEL WOON NIE?

1 KOR 6:19 [NLV]

- OF VERSTAAN JULLE NIE DAT JULLE LIGGAME 'N TEMPEL VAN DIE HEILIGE GEES IS WAT IN JULLE WOON EN DEUR GOD AAN JULLE GEGEE IS NIE?
- **1 JOH 2:27 [NLV]** JULLE HET IMMERS DIE HEILIGE GEES ONTVANG VAN HOM WAT IN 'N HEGTE VERHOUDING MET JULLE LEEF
- **1 JOH 2:20 [NLT]** BUT YOU HAVE AN ANOINTING FROM THE HOLY ONE

EFES 1:18–21

- **18** EK BID DAT HY JULLE GEESTESOË SO VERHELDER DAT JULLE KAN WEET WATTER HOOP SY ROEPING INHOU, EN WATTER RYKDOM DAAR IS IN DIE HEERLIKE ERFENIS WAT HY VIR DIE GELOWIGES BESTEM HET,
- ***19*** *EN HOE GEWELDIG GROOT SY KRAG IS WAT HY UITOEFEN IN ONS WAT GLO. DIT IS DIESELFDE KRAGTIGE WERKING VAN SY MAG*
- ***20*** *WAT HY UITGEOEFEN HET TOE HY CHRISTUS UIT DIE DOOD OPGEWEK EN HOM IN DIE HEMEL AAN SY REGTERHAND LAAT SIT HET:*
- **21** HOOG BO ELKE MAG EN GESAG, ELKE KRAG EN HEERSKAPPY, EN WAT DAAR OOK AL SPRAKE VAN MAG WEES
- **EFE2 4:10 [NLV]** DIESELFDE PERSOON WAT NEERGEDAAL HET, IS OOK DIE EEN WAT OPGEVAAR HET TOT VER BO DIE WOLKE- EN STERREHEMEL SODAT HY DIE HEELAL MET SY TEENWOORDIGHEID KAN VUL.

EFES 3:16–21 [NLV]

- MAG HY DEUR SY GEES UIT DIE RYKDOM VAN SY GODDELIKE GROOTHEID AAN JULLE DIE KRAG GEE OM INNERLIK STERK TE WORD.
- DAN SAL CHRISTUS DEUR DIE GELOOF IN JULLE HARTE WOON, EN SAL JULLE IN GOD SE LIEFDE GEWORTEL EN GEGRONDVES WEES.
- MAG JULLE IN STAAT WEES OM SAAM MET AL GOD SE MENSE TE BEGRYP HOE BREED EN LANK EN HOE HOOG EN DIEP SY LIEFDE IS.
- DAN SAL JULLE CHRISTUS SE LIEFDE, WAT ALLE VERSTAND TE BOWE GAAN, BELEEF. MAG JULLE HEELTEMAL MET DIE VOLHEID VAN GOD VERVUL WORD.
- HY MOET GEPRYS WORD – HY WAT MAG HET OM DEUR DIE KRAG WAT IN ONS WERK, ONEINDIG MEER TE DOEN AS WAT ONS VRA OF DINK OM TE VRA.
- DIE KERK WAT AAN CHRISTUS JESUS VERBIND IS, MOET HOM PRYS DEUR AL DIE GESLAGTE HEEN TOT IN ALLE EWIGHEID! AMEN.